



RONDON NUUS 53

APRIL 2025

Living our Purpose

CULTIVATING WELLNESS, ONE HARVEST AT A TIME

Die eerste kwartaal van die jaar is vinnig verby en daar is baie aktiwiteite wat tans groot fokus geniet. Ons is dankbaar vir die oes waarmee ons tans besig is en voel positief oor die vooruitsigte vir die jaar se kommersiële aktiwiteite. Almal luister en lees van die wêreld handelsskokke wat tans afspeel.

Wat die netto effek op die land en ons besigheid gaan wees, is nog onseker, maar ons evalueer tans moontlike gevolge. Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om te fokus op ons Purpose as 'n besigheid, waarom doen ons wat ons doen.

“

Ons Purpose, "Cultivating Wellness, one harvest at a time," is die kern van alles wat ons doen by Dutoit. Dit is nie net 'n slagspreuk nie, maar 'n rigtingwyser wat ons help om ons besigheid met integriteit en passie te bestuur. 'n Duidelike en goed gedefinieerde Purpose gee ons 'n gevoel van doelgerigtheid en motivering, wat noodsaaklik is vir die sukses van enige besigheid. Dit help ons om gefokus te bly op wat werklik belangrik is en om besluite te neem wat in lyn is met ons waardes en langtermyn doelwitte.

”

Om ons Purpose werklik te leef, moet ons dit in elke aspek van ons besigheid integreer. Dit beteken dat ons elke dag bewus moet wees van hoe ons aksies en besluite bydra tot die bevordering van welstand, nie net vir onself nie, maar ook vir ons kliënte, ons gemeenskap en die omgewing.

Ons moet streef daarna om volhoubare praktyke te implementeer, om ons mense te ondersteun en te ontwikkel, en om produkte van die hoogste gehalte te lewer. Deur hierdie beginsels te volg, kan ons 'n positiewe impak maak en ons Purpose werklik uiteleef.

Laastens, ons Purpose moet ook dien as 'n bron van inspirasie en trots vir elkeen van ons. Dit herinner ons daaraan dat ons deel is van iets groter as onself en dat ons werk 'n betekenisvolle verskil maak. Deur saam te werk en ons Purpose te omarm, kan ons 'n kultuur van welstand en sukses kweek wat ons besigheid sal laat floreer. Kom ons verbind ons daartoe om elke dag ons Purpose uit te leef en sodoende 'n beter toekoms vir almal te skep.

Dankie vir almal se toewyding die eerste kwartaal en positiewe impak wat julle in die Dutoit besigheid maak. Stertke met die kwartaal wat voorlê en help mekaar om uitdagings in geleenthede te omskep!

Hennie du Toit

CEO Dutoit



Our Vision

Our vision is to be the **leading South African producer and distributor** of superior fruit and vegetables.

Our Mission

Our mission is to **produce, pack, market and distribute quality fresh** produce in a sustainable manner, to the satisfaction of our clients and other stakeholders.

Our Purpose

“Cultivating wellness **one harvest at a time.”**

A continuous (improvement) process

1

Cultivating

To start from the beginning. **Grow, nurture and protect.**

2

Wellness

For consumers, shareholders, employees, the environment, our community and economy through **responsible practices & sustainable contributions.**

3

One harvest at a time

Be dedicated, efficient, accurate, positive and grateful **to ensure all links operate effectively** to achieve optimal outcomes and improvements.

Our Values



RELIABILITY



LOYALTY



ORDERLINESS



DIGNITY

Oes met Doel

LEEF ONS ROEPING IN OESSEISOEN

Ek staan vanoggend op met nuwe energie, want ek besef dat ek deel is van 'n groter roeping ("purpose"); nie net op 'n persoonlike vlak nie, maar ook in my werknemershoedanigheid. Ten spyte van 'n deurmekaar wêreld daarbuite, bly daar ook sekere dinge vas staan en ons maatskappy waardes, visie en roeping vorm deel hiervan.

Ek doen dus elke dag my werk as deel van die Dutoit span en in Sy skepping met die wete dat ek ook help om ons besigheid, ons omgewing, ons land en die wêreld gesond te hou; hetsy op 'n sosiale, ekonomiese of fisiese vlak. Wat 'n groot voorreg!

Tans is almal orals besig met van die belangrikste aspekte in ons besigheid: oestyd! Dis 'n baie besige tyd, maar ook deel van die lekker aangesien ons nou die resultate van almal se harde werk sien en voel. Hoewel ons volumes tans laer as begroot realiseer, hoofsaaklik as gevolg van koue, doen almal hul bes om die 2025 oes optimaal te oes, verpak en verkoop sodat ons ook daarmee ons roeping kan uitleef.

Oorsig oor die 2025 oes:

Ons uie en aartappels is alles reeds veilig onder dak. In beide gevalle sal ons in totaal effens onder, maar baie naby aan ons begrote volumes eindig. Die patat-oes lyk belowend met 'n baie mooi produk en volume wat tans selfs 'n klein bietjie beter as begroting realiseer. Ons is opgewonde oor die toekoms vooruitsigte van hierdie produklyn en beplan om ons volumes te groei.

Aan die vrugte kant is almal reeds goed bewus van die rypskade wat ons kersies en nektariens getref het. Hier het ons tot soveel as 'n kwart van ons volumes verloor. Die peer oes is afgehandel met 'n volume van 5% meer vir beide die Oos- en Wes-Kaap. Die oes van ons appels is nou in die pylvak (laaste 25%). Die volumes is onder druk en sal ongelukkig by beide Oos- en Wes-Kaap nie by ons begroting uitkom nie. Aan die positiewe kant is egter die kwaliteit wat baie goed lyk en ons in staat stel om meer vrugte na ons uitvoer kliënt te stuur.

Die verbetering van ons aanboom (vrugte) kwaliteit en op-land (groente) kwaliteit is een van ons groot doelwitte vir 2030. Baie dankie aan almal wat hard werk aan hierdie doelwit; dit bly lekker om te sien hoe die resultate op harde werk volg!

Die tweede helfte van die jaar skep ons gesondheid deur hoofsaaklik te fokus op ons verpakking en verkope van die produkte terwyl ons ook reeds begin voorberei op ons volgende seisoen waar ons weer 'n nuwe geleentheid kry om 'n gesonde impak op almal en alles om ons te maak ("one harvest at a time").

Op daardie noot is dit lekker om die bydrae van ons nuwe Novo pakhuis in die Paarl te erken. Novo bring vir ons ekstra kapasiteit asook die vermoë en voordele om sekere appel variëteite te kan "presort" en later pak wanneer die mark en behoefte optimaal is. Lees gerus ook later in hierdie uitgawe meer oor Willem Joubert (Novo afdelingshoof) en sy span wat sedert Desember 2024 deel van ons familie is.

“ Ek eindig met 'n dankie aan elkeen wat elke dag saamwerk om ons maatskappy se doelwitte en roeping ("purpose") te help waar maak. Ek glo en is dankbaar dat jy ook vandag opgestaan het "... to cultivate wellness, one harvest at a time!" ”

Willem Coetsee

Managing Director



Signature Book

DUTOIT EN EERSTE NASIONALE BANK

Dutoit bank al vir meer as 104 jaar by Eerste Nasionale Bank. Die "signature book" is in Eerste Nasionale Bank se besit. In hierdie "signature book" is GC du Toit II se handtekening as bewys. Die boek is gebruik om alle banktransaksies met 'n handtekening goed te keur. 'n Handtekening destyds was jou wagwoord, vandag gebeur alles elektronies.



Digkuns

ONS MOOI DORP

Gys du Toit III se digkuns oor ons mooi dorp, soos geplaas in Charlie Hofmeyr se Jaarblad van 1939.

Ek verlang na Ceres
Ek verlang na jou sierlike blommeprag
Ek verlang na jou vrugtebome in volle drag
Ek verlang na jou stroompies van helder waters
Ek verlang net na CERES en al sy maters!
Gys du Toit Std. VIII



Rondomnuus Naam

TANNIE LEEZYL, ONS EER JOU

Tannie Leezyl de Klerk (94 jaar), suster van Gys III en Jan Linde du Toit het die naam vir die nuusbrief gegee in 1984. Nuus uit die eerste twee Rondomnuus uitgawes:



BROKKIES - BROKKIES ---- KROMFONTEIN ---- BROKKIES - BROKKIES

Vanaf 'n nat Kromfontein gaan dit met ons almal goed. Tydens die storm wat ons gedurende April gehad het, is dit maar onplesierig in die boorde en lande. Was die nagte langer, sou Dudley sy huis moet ontruim. Die kanaal agter sy huis het die walle uitgeklim en die volgende oggend was sy hele tuin verspoel. Die nuwe struik en bolle alles verspoel.

Tenspyte van die koue en 2 dae lange kragonderbreking besluit ons om 'n interne "oesaf" te hou. Almal was traag om voor die kaggel weg te kom, maar glo my, toe die fondue potte se olie eers begin warm word en die wyn sy werk doen is party van die ouens somer sonder hulle "windbrakers" en jasse huis toe. Die ysige koue is toe nie eers gevoel nie.

CERES-KANTOOR BERIGTE

Rekenaar Brokkies

Verlede keer het ons kortliks gekyk na die verskillende stadiums en ook ons doelwit met rekenarisering. In hierdie en daaropvolgende uitgawes sal ons elkeen van die ontwikkelingstadiums kortliks van nader bekyk. Die eerste stadium is die behoeftebepaling.

Behoeftbepaling: Het ons hoegenaamd 'n rekenaar nodig? In hierdie verband word die volgende onder die vergrootglas geplaas en ontleed;

(a) Die omvang (grootte) van die onderneming en die mannekrag beskikbaar om die onderneming op sy wiele te hou.



Vastrap

Met 'n groot voorreg stel ek ons span aan julle bekend.

Ek het die voorreg gehad om Julie 2024 op Vastrap aan te sluit by Marais Kritzinger (Werkswinkelbestuurder), Ian Spilhaus en Siyanda Mtini albei Produksiebestuurders, Thea Mouton (Lone) en Maria Hanekom by ontvangs. Met 'n goeie gesindheid en samewerking laat hulle my baie welkom voel, met groot skoene om vol te staan.

In November begin Johannes Burger en Matilda De Villiers op Vastrap. **Baie welkom aan julle. Ek hoop dat julle saam help om Vastrap op te bou tot groot hoogtes. Ons span is nou volledig, dankbaar en opgewonde oor die pad.**

Albert Nieuwenhuis
Landgoedbestuurder

Van links: Matilda de Villiers (Admin Beampte), Maria Hanekom (Ontvangs Dame/Loon Assistant), Thea Mouton (Betaalrolklerk), Albert Nieuwenhuis (Landgoedbestuurder), Johannes Burger (Produksiebestuurder), Marais Kritzinger (Werkswinkelbestuurder) Ian Spilhaus (Produksiebestuurder) Siyanda Mtini (Produksiebestuurder).





Dutoit Ondersteun

SPAR WOMEN'S CHALLENGE

Die 30ste Mei het 34 van Paardekloof se werkers en bestuur deelgeneem aan die SPAR Womens Challenge 2025.

Die Paardekloof atletiek-klub het vroeg die oggend van Paardekloof weggetrek na Groenpunt waar die Spar Women's Challenge plaasgevind het. Drie van Paardekloof se vrouens het deelgeneem aan die 10km draf, 21 vrouens het deelgeneem aan die 10km stap, en 10 vrouens / mans het deelgeneem aan die 5km draf-stap.

Dit was 'n groot dag waar 16 000 mense deelgeneem het en almal het dit so geniet!



Nooitgedacht

CHERRY TIME TAAI TOFFIES

Saterdag, 15 Maart, het die Cherry Time Taai Toffies vir die sewende agtereenvolgende jaar deelgeneem aan die jaarlikse Six-a-Side krieket- en familiedag ten bate van Ligstraaltjies Kleuterskool.

Dié dag is altyd 'n hoogtepunt op die kalender en bied vermaak vir die hele gesin. Van springkastele en waterglybane tot gesigverf en ander kinderaktiwiteite – daar was iets vir almal om van te geniet!

Agt spanne van 6–8 spelers elk het aan die krietertoernooi deelgeneem. Die toeskouers het gesorg vir 'n energieke atmosfeer langs die veld. Hierdie dag trek nie net belangstelling uit Ceres nie, maar uit die hele Witzenberg-distrik. Bekende voormalige Protea-speler, Martin van Jaarsveld, het ook gehelp met die reëlings – wat van die dag 'n besondere geleentheid gemaak het. Die fondse wat tydens die dag ingesamel is, sal gebruik word om Ligstraaltjies se fasiliteite op te gradeer en opvoedkundige materiaal aan te vul of te vervang.

Die kleuterskool bied voorsorg-onderrig aan 62 kinders tussen 18 maande en 5 jaar, met 'n toegewyde span van 10 personeellede wat elke dag hul alles gee vir die toekoms van ons gemeenskap. Na die loting het die Cherry Time Taai Toffies ons in 'n sterk poel bevind – saam met die vorige jaar se wenner én naaswenner. Die dag het afgeskop op Laerskool Gericke se velde, met pragtige weer en die asemrowende berge as agtergrond – 'n mens kan rêgtig nie vir 'n mooier omgewing vra nie!



Ons het 'n baie goeie toernooi beleef en kon al drie ons eerste wedstryde wen. Daarmee het ons die finaal gehaal, waar ons in 'n baie kompeterende wedstryd ongelukkig net-net verloor het teen 'n sterk en goed afgeronde span.

Ons is trots op ons span se prestasie en nog meer op die doel waarvoor ons gespeel het. Baie dankie aan DUTOIT en CHERRY TIME vir die voorreg om deel van hierdie span te kon wees.



Johan Visser
Landgoedbestuurder

Paardekloof

OUD SPELERS

Met die opgewondenheid van die 6 Nasies en Paardekloof se spelers wat met hul trotse swart en geel truie op die veld uit hardloop, kon 'n mens nie help om te wonder: hoekom is Paardekloof se truie swart en geel met 'n silver varing? Jakob Moses, Andries April en Frans Daniëls wat nou pensioenarisse op Paardekloof is en 40 jaar lank op Paardekloof gewerk het, het die wonder in 'n storie verander.

Mnr Absalon Daniels en die skoolhoof van NGK Primêr, Mnr Peres op Paardekloof, het in 1948 die eerste Rugbyklub gestig. Die spelers was almal werkend op Paardekloof. Paardekloof NGK Primêr se skoolkleure was wit en rooi, daarom was daar besluit dat die rugbyklub se truie wit en rooi moet wees met 'n swart akkerblaar. Die akkerbome op die plaas het hulle geïnspereer vir die wapen.

Die rugbyspan het al hoe groter en sterker geraak. Hulle glo hul geheim was die pluksakke wat hulle gedra het, wat hulle sterker gemaak het. Middagetes was nie vir rus nie, maar wel vir oefen, en ook direk na werk wanneer dit nog lig was buite. Die eerste rugbyveld was onder die dam wat bekend is as Geeldam. Daar was nie gras nie, dit was 'n grondveld waar die lyne met 'n bospik uitgegrawe was. Met die donker grond was die span se truie gereeld gevlek, en daarom besluit hulle om die kleur te verander na swart en geel.

Die rugbyklub het gereeld fondsinsamelings gehou en kon hulle eie spreiligte koop. Elke Vrydagaand was daar bioskoop in die laaistoor vir 20c 'n kaartjie. Die tesourier, Mnr Berend Jansen, was baie streng. Elke rugby speler was verplig om 'n fondsinsamling by te woon, of deel te neem. Die klub se fondse was sterk agv van die goeie dissipline.

Soos die plaas uitgebrei het, so het die veld ook 'n paar keer geskuif, maar is van 2003 steeds op dieselfde plek, waar almal bymekaarkom op Saterdag.

Soos wat die Klub gegroei het, het hulle deelgeneem aan toernooie en teen ander plase gespeel. Die rugbyklub het begin speel onder die plaas se naam en die plaas het seker gemaak dat die Paardekloof rugbyspan by wedstryd geleentheid kom.

Nicola Dork



Met die goeie vordering van toernooie was die Paardekloof Rugbyspan gekies om deel te neem aan die 2012 President liga van Boland. Paardekloof rugbyklub het nog nooit opgehou speel van 1948 nie. Ons kan met trots sê dat ons vir 77 jaar aktief is en al twee rugbyspanne volstaan! Vandag is hul embleem die silwer varing wat geïnspereer is deur die All Blacks.

Saans oefen die span onder die spreiligte tot laat en Saterdag draf hulle met trots uit op die veld. Vandag wil ons dankie sê vir Mnr Daniels en Mnr Peres wat 'n geleentheid raakgesien het vir wat vandag 'n suksesvolle rugbyklub is.







BOORD VAN DIE TOEKOMS

Die beskikbaarheid van dwergende appelonderstamme soos byvoorbeeld M9, bied ons die geleentheid om hoër digtheid appelboorde te vestig. Tydens 'n Lindeshof Plaasbeplanning werksessie word besluit om in toekomstige vrugteaanplantings op Lindeshof ook meer van drupbesproeiing gebruik te maak.

Die praktiese toepassing van bogenoemde idees en 'n geleentheid om nuwe en innoverende produksiepraktyke fisies te toets, realiseer in 2021 op Lindeshof met die aanplant van 'n klein "Boord van die Toekoms". Die doel van die boord is om konsepte soos meer ligvriendelike "vrug mure" en kleiner enkel-leiersisteme op 'n rywydte van 3 meter en plant-afstand van 1 meter in die ry. Die boord is onder nette met 'n oorhoofse pulserende rypbeheer sisteem en dubbellyn-besproeiing sisteem wat steeds beproef word.

Tegniese detail van boord:

Boord:	LKU17
Area (ha):	0.78
Plantjaar:	2021
Rywydte (m):	3
Plantafstand (m):	1
Bome per hekt:	3333

Kultivaar samestelling:

Kultivaar	Hektaar	Onderstam	Produksie ton/ha	
			2024	2025
Lady in Red	0.63	M9 / CG 969	37	55 (skat)
COSMIC CRISP	0.07	M9	10	22
RDS/JOYA	0.08	M9		
Lady in Red	0.63	M9 / CG 969		

Oorhoose Ryp beheer:

2 tipes: Pulsar Gyro Net

- 6m spasiering x 3m radius
- Pular strip net
- 1/2m stroke na mekaar toe

Werk druk:	2.5B/selfde as drupper
Lewering:	Bepaal deur drupper, in die geval 2.1/uur via pressure compensated drupper



Skaapkraal

ELMI RAAL

Elmi Raal behaal goud by SA Atletiek Kampioenskappe vir Laerskole.

Elmi, dogter van Johann en Elske Raal op Skaapkraal, het die atletiekseisoen op 'n spoggerige noot afgesluit toe sy 'n goue medalje losgestap het by die Suid-Afrikaanse Atletiek Kampioenskappe vir Laerskole in Germiston op 21 Maart 2025. Sy het aan die 1500m stap-item vir dogters o/13 deelgeneem en haar persoonlike beste tyd van 8m / 12s geëwenaar, ondanks die uitdagende verskil in lugdruk. Ons is ongelooflik trots op Elmi se toewyding, harde werk en nederige oorwinning. Sy is 'n ware inspirasie vir almal wat weet dat deursettingsvermoë en nederigheid altyd beloon word.



Skaapkraal

ENERGIELANDSKAP

Soos baie ander spelers in die landbou-omgewing, is Dutoit ook baie afhanklik van elektrisiteit as primêre bron van energie. Tot sowat 'n dekade gelede is hierdie energie teen redelike pryse deur die staatsentiteit ESKOM verskaf.

Behalwe vir die onbetroubare wyse waarop ESKOM oor die afgelope paar jaar elektrisiteit aan die ekonomie gelever het, word die meeste energie deur die verbranding van steenkool opgewek wat 'n uiters negatiewe effek op die omgewing het. Dutoit het dus 'n strategiese besluit geneem om die afhanklikheid van Eskom energie oor die mediumtermyn met 50% te verminder. Die doel van hierdie strategie is tweeledig:

Die opwekking van elektrisiteit op 'n betroubare en koste-effektiewe wyse om landbouaktiwiteite te ondersteun. Die vermindering van die Dutoit se koolstofvoetspoor deur die aanwending van skoon en volhoubare sonenergie.

Op Skaapkraal is besproeiing die grootste verbruiker van elektrisiteit en meer spesifiek in die nagtelike ure. Die oplossing hiervoor moes dus noukeurig ondersoek word en daarom is African Solar Innovations (ASI) vir hierdie doel genader. ASI het 'n oplossing voorgestel waar sonpanele bedags elektrisiteit lewer vir algemene gebruik, maar ook om 'n reuse Lithium battery te laai as energiebron tydens nagtelike besproeiingsaktiwiteite.

Die voorgestelde stelsel bestaan uit die volgende dele:

- 1 200 sonpanele met 'n piekvermoë van sowat 660kW.
- 'n Lithium Batterystelsel met 'n vermoë van 1000 kWh.
- Geleidingslyne en kables, transformators en skakeltuig.

Die gesamentlike stelsel maak dit dus moontlik om genoeg sonenergie bedags te stoor om die besproeiingprogramme tydens die nagtelike ure te kan voortsit, sonder om van ESKOM afhanklik te wees. Die stelsel is egter so ontwerp om wel ESKOM-krag tydens piektye te gebruik, maar ook om oorskot energie aan die ESKOM-netwerk te lewer tydens lae verbruikstye. Die finale koppeling met ESKOM moet nog afgehandel word, maar word vir die nabye toekoms beplan.

Met hierdie bykans R20 miljoen belegging verseker Dutoit dus volhoubare landbou-verbouing op Skaapkraal, lewer ook broodnodige energie aan ander verbruikers in die gemeenskap en verseker ook dat die impak op die natuur drasties verminder word. Hierdie projek is dus 'n uitstekende voorbeeld van hoe Dutoit sy hoofdoelwit najaag: "Cultivating wellness, one harvest at a time"

Frikkie Botma

Landgoedbestuurder



Crispy

NUWE PRODUKTIEWE SPANNE

In die Produktiewe Spanne programme leer die spanleier en span hoe hulle produktiwiteit kan verhoog deur beter kommunikasie en spannees.

Die trots en entoesiasme wat by die opleiding momentum kry, is in die meeste gevalle nie volhoubaar oor langtermyn nie, daarom die nuwe aanslag! Aanbieder van hierdie program, Archie van Biljon, het die volgende genoem: "Ek het besef dat 'n ander strategie nodig is wat groter eienaarskap by bestuur kan vestig."

Met die Produktiewe Spanne program wat by Dutoit - Crispy Farming gedoen is (April – Augustus), is 'n nuwe benadering gevolg. In plaas van die standaard 1½ dag sessies wat die spanleier saam met sy span bywoon, is aparte aanbiedings gemaak, eers vir bestuur, daarna ook vir die spanleiers. Deeglike inkoop op die boonste vlakke is hiermee gevestig, voordat dit vir die spanlede ook aangebied is. 11 Voormanne/vroue met hul spanne het aan die opleiding deelgeneem.

Terugvoering:

"Die vroue spanne het die beste daarby gebaat. By beide vroue spanne is WhatsApp groepe gestig waar take, verandering in take, redes vir afwesigheid, maar ook aanmoediging en motiverings-gesprekke aan mekaar gegee word".

"Spanleiers lyk meer positief en besef dit hang van hulle af om spanlede positief te hou. Dat dit 'n spanpoging verg om dit 'n sukses te maak. Spanlede het ook besef dat hulle insae baie belangrik is, dit lei tot samewerking en produktiwiteit".



Koue Bokkeveld Opleidingsentrum





VERPAKKINGSPAN & KWALITEITSPAN IN DIE VOEDSELBEDRYF: WIE WEN?

In die vinnige wêreld van die voedselbedryf is daar 'n eeue oue gesukkel wat daagliks afspeel: Verpakking vs. Kwaliteit. Aan die een kant jaag die produksiespan teen die klok om spertye te haal, bestellings uit te voer en die vervoerbande aan die gang te hou. Aan die ander kant staan die kwaliteit afdeling vas en verseker dat elke produk aan veiligheidsstandaarde, regulatoriese vereistes en kliënt verwagtinge voldoen.

Maar hier is die kinkel: dit is nie 'n stryd nie - dit is 'n vennootskap.

🍔 Die verpakkingsafdeling:

Hulle is die hartklop van die operasie. Sonder hulle sou rakke leeg wees, en kliënte sou honger ly. Hulle fokus? Doeltreffendheid, spoed en volume. Dit is hulle wat verseker dat die kos elke keer die mark betyds bereik. Maar in die haas om teikens te bereik, is daar altyd 'n risiko om hoeke te sny.

🐜 Die kwaliteitsafdeling:

Hulle is die onbesonge helde. Hulle missie? Om te verseker dat elke byt veilig is, is elke etiket akkuraat, en elke proses voldoen aan regulasies. Hulle is die poortwagters van vertroue tussen die handelsmerk en die verbruiker. In 'n bedryf waar een misstap tot herroepings, regsgedinge of erger kan lei, is hul rol ononderhandelbaar.

💡 Waarom kwaliteit nie benadeel kan word nie:

In die voedselbedryf is kwaliteit nie net 'n departement nie - dit is 'n belofte. 'n Enkele verval in kwaliteit kan 'n handelsmerk se reputasie oornag aantas. Dink daaroor: sou jy koop by 'n maatskappy wat spoed bo veiligheid prioritiseer?

Die kwaliteitsafdeling verseker dat die kos wat ons eet nie net lekker is nie, maar ook veilig en betroubaar is.


💛 Die Wenformule:

In plaas daarvan om dit as 'n toutrekkery te sien, laat ons dit herformuleer as 'n samewerking. Verpakking en kwaliteit moet hand aan hand werk. Die verpakkingspan bring innovasie en doeltreffendheid, terwyl die kwaliteitspan konsekwentheid en voldoening verseker. Saam skep hulle 'n produk wat nie net winsgewend is nie, maar ook betroubaar is.

🌟 Die wegneem:

Volgende keer as jy 'n produk op die rak sien, onthou die sinergie agter die skerms wat dit moontlik gemaak het. Die verpakkingspan kry dit daar, maar die kwaliteitspan verseker dat dit die moeite werd is om te koop. In die voedselbedryf is kwaliteit nie net belangrik nie - dit is alles.

Kom ons vier albei spanne vir hul unieke bydraes en onthou: wanneer verpakking en kwaliteit ooreenstem, is die werklike wenners die verbruikers.



Dutoit is trots!

MEJ CHARLIE 2025

Kayden Swart, dogter van Karin en Dirk Swart, is aangewys as Mej Charlie Hofmeyer vir 2025. Baie geluk, die jaarlikse toekenningsaand was weer 'n groot sukses.



Dutoit Groente

SWEET ONIONS & SHALLOTS



Onions and shallots are staples in kitchens worldwide, each bringing their unique twist to dishes. While they're both part of the same family, sweet onions and shallots offer distinct flavours, textures and uses that make them stand out in different cooking styles. Whether you're looking for something to add a touch of sweetness to a salad or a subtle depth to a sauce, understanding the differences between them will help you make the best choice for your meal. Grown on Dutoit Farms, these shallots and sweet onions are nurtured to achieve optimal growth and carefully handled during harvesting to ensure the best quality.

Both alliums have relatively short seasons, with harvesting only taking place between January and March for sweet onions and January and May for shallots, so consumers have limited time left this year to get their hands on these sweet, acidic and spicy delights. Let's dive into what sets sweet onions apart from shallots, and how to use them to their full potential in the kitchen

1. Sweetness vs subtlety: flavour profiles

Sweet onions are loved for their milder, sweeter flavour. Thanks to their lower sulphur content, they have a gentler taste and don't bring the same sharpness or tears that traditional onions do. This makes sweet onions perfect for raw dishes such as salads, salsas and sandwiches, where their subtle sweetness can really stand out.

Shallots, however, have a more nuanced flavour, often described as a cross between onions and garlic. They're milder and sweeter than regular onions but have a distinct hint of sharpness that makes them ideal for cooked dishes. They are smaller and a little more oval-shaped than the everyday onion and grown in clusters, much like garlic, rather than in single bulbs. Shallots are soft and have thin layers, making them easier to chop finely and incorporate into dishes without the dominating texture and flavour of the hardier onion. Shallots are perfect for adding depth to sauces, dressings and roasts, and while they can be used raw in small quantities, they truly shine when cooked.

2. Varieties and regional specialties

While there are different varieties of sweet onions globally – such as Vidalia onions from Georgia, USA – these locally grown onions are prized for their natural sweetness. Many of these sweet onions are available from late summer to early autumn (roughly February to April), so they're best enjoyed during these months. Shallots, on the other hand, come in several varieties, including red, golden and purple, each bringing its own subtle flavour to different dishes. Dutoit Farms is the only producer of shallots in South Africa and supplies Woolworths through their 'Farming for the Future' initiative.

[Read more](#)



SWEET ONIONS



SHALLOTS



mild, sweet, and
less pungent



larger, typically round
or oval



crisp and juicy, with a
high water content



typically white or yellow



ideal for raw dishes
great for caramelizing



shorter shelf life



store in a cool, dry
place



sweet, garlicky undertones



smaller, elongated, and bulbous



firm and slightly crunchy
with thin layers



reddish-brown or purple skin
with white flesh



ideal for sauces and
dressings great as a garnish
or in fine dishes



lasts a couple of months
if stored properly



store in a cool, dry place

Dutoit Groente

AGENTEDAG

Dutoit Groente hou jaarliks 'n Agentedag in Februarie. Ons nooi dan ons agente (vanjaar 40) van al 14 markte waar Dutoit produkte verkoop.

Die doel van die dag is om terugvoering te gee oor die seisoen wat verby is, maar ook om planne te maak vir die nuwe seisoen en te kyk waar ons kan verbeter. Ons voorleggings vir die dag gee informasie vir die agente rakende wat in ons streek gebeur, maar ook hoe elke mark vergelyk met die res.

Die dag bly 'n hoogtepunt op die kalender, want daar word altyd na die tyd lekker gekuier om 'n braaivleis vuur.



18
93

18
93

Dutoit Oos-Kaap

ONS 20STE BESTAANSJAAR!

Die Oos-Kaap vier hulle 20ste bestaansjaar. Daar is 'n kompetisie geloots waar die Afdelings 'n huldeblyk kon bring aan Dutoit. Die inskrywings moes die huldeblyk uitbeeld in die vorm van 'n bannier, dans of kreet.

Die inskrywings het alle verwagtinge oortref. Meulrivier is as die algehele wenner aangewys.
Mnr Johan Kotze het die prysgeld oorhandig.

Baie dankie aan alle inskrywings.



APPLES & PEARS CROPS

In general, the apple season is going well. The season was forgiving in terms of pest and disease defects, and we did not have any major losses due to weather events like hail or wind. Although, current temperatures remain hot and sunburn does seem to increase in some of the late varieties. We normally require lower night temperatures for colour development. Despite these conditions, we are seeing good colour development on all the mid-season bi-colour apples, and remain optimistic about the crop potentially, especially with the current forecast of some rain.

Perhaps one of the biggest challenges for the season is the variation in crop load in the orchards. This comes from the lower flower density experienced in boom, that resulted in irregular fruitset and cropload patterns. This variation makes it very difficult to plan the logistics around harvest and estimates. In general, we see a 5 to 10% deviation in actuals vs estimations. A part of the lower yield comes from slight changes in smaller fruit size. We're seeing slightly larger apples with very good colour.

In pears, there is a lot bigger crop. Most varieties exceeded the budget requirements. Like the apples, we have a decrease in fruit size. As with apples, the slightly earlier harvest could have contributed to this. But the big crop also had an influence on size. On some Packham orchards, we had bigger fruit size resulting from lower crop loads, but this did not influence the bigger crop or storage too much.

These orchards are normally selected for earlier packing compare to more uniform sizes for later storage.

We are very confident that the quality of fruit in storage will keep well. This is one advantage of a slightly smaller crop, it gives you a bit more space to operate. We can stay on top of the maturity at all stages. We have capacity to remove the first skim pick, and this gives us more uniform quality within the CA rooms.

Apart from the positive effect that the prediction in rain might have on colour development, it would also bring a great relief on irrigation. Currently, we are still using a lot of water for irrigation due to the high atmospheric demand. While pre-harvest irrigation takes care of the of the trees need to grow the last part of the crop, the post-harvest irrigation is important to allow the trees to build up reserves for next season.



Technical Manager



MScAg ric (HORTOLOGIESE WETENSKAP): BRAAM MOUNTON

In die langtermyn opberging van kernvrugte, neig nuwe metodieke om die limiete van lae O₂ opberging te verskuif. Verlaagde O₂ bring voordele ten opsigte van onderdrukking van vrugrespirasie en C₂H₄ biosintese.

Dinamies beheerde atmosfeer (DBA) tegnieke laat opberging naby die anaërobiese kompensasiëpunt (AKP) toe. Dit lei tot voordelige effekte weens lae konsentrasies van anaërobiese metaboliete wat naby die AKP ontwikkel, terwyl respirasie as ook die vervaardiging en werking van etileen onderdruk word.

Gegewe die hoë kostes van stoorinfrastruktuur, is dit krities om te verstaan hoe die verskillende stoortegnieke vergelyk in die onderhouding van vrugkwaliteit en onderdrukking van fisiologiese defekte, soos oppervlakkige brandvlek.

Hierdie studie het verskeie lae-O₂ langtermyn opbergingsmetodieke vergelyk, insluitend DBA met chlorofilfluoressensie (DBA-CF) (= 0.4 - 0.6 kPa O₂, 0.5 of 1.5 kPa CO₂ afhangend van seisoen), DBA-CF met etileen skrobbing, DBA respirasie kwosient (RK) met 'n RK breekpunt van 2.0 (DBA-RK2.0) (0.4 kPa O₂ lae suurstof limiet, 1 kPa CO₂), en 'n statiese beheerde atmosfeer (BA) wat bemerk word as ekstreme lae suurstof (ELS; 1.6 kPa O₂, 1 kPa CO₂ seisoen 1 en 0.9 kPa O₂, 0.5 kPa CO₂ seisoen 2) met etileen skrobbing.

Terwyl DBA-behandelings op die verlaging van O₂ fokus, is ELS 'n statiese stelsel wat hoër O₂-konsentrasies gebruik en op etileenskrobbing staatmaak om vrug rypwording te inhibeer. 'n Seisoenale kontrole is vir 16 weke onder gewone atmosfeer (GA) opgeberg, gevolg deur 'n rակlewe tydperk. Dit is gedoen om die vrugte se vatbaarheid vir rypwording en fisiologiese defekte soos oppervlakkige brandvlek te bepaal aangesien die vrugte nie met 1 metielsiklopropeen (1-MCP) behandel is nie.

Vrugte is vir 9 maande onder die verkillende handelings by -0.5 °C opgeberg, waarna dit verpak en vir 6 weke by -0.5 °C GA opgeberg is om verskeping te simuleer. Aangesien verskeping onder GA plaasvind, word rypwording nie meer deur lae O₂ onderdruk nie, wat verskepings simulaties van kritieke belang maak wanneer stoormetodieke vergelyk word. Daarna is rակlewe vir 10 dae by 20 °C gesimuleer.

Die seisoenale kontrole het getoon dat die vrugte hoogs vatbaar vir oppervlakkige brandvlek was. Die DBA-behandelings het oppervlakkige brandvlek tot 'n groot mate beheer. In die eerste seisoen het 'n O₂-lekke in een van die herhalings van die DBA-RK2.0 egter die verlaging van O₂ verhinder. ELS-behandelde vrugte het oormatige oppervlakkige brandvlek en oorrypheid tydens rակlewe ontwikkel. 'n Verlaging van die ELS O₂-stelpunt het meer aanvaarbare vrugkwaliteit gelever in die tweede seisoen, maar was steeds minder effektief as die DBA-behandelings.



DBA-BEHANDELINGS: LIMIETE, VOORDELE & STANDAARDISERING?

Rakende die DBA-behandelings, was die DBA-RK-behandeling deur sy standaard laagste O_2 -veiligheidsgrens van 0.4 kPa beperk. Dit het verdere verlaging van O_2 -vlakke verhoed, selfs wanneer RK-vlakke aangedui het dat dit moontlik was. Alhoewel DBA-CF met etileenskrobbering statistiese voordele bo DBA-CF alleen getoon het na rakkewe in die tweede seisoen, met betrekking tot agtergrondkleur, was die verskille moontlik nie van ekonomiese belang nie.

Verder het die studie twee gestandaardiseerde potensiële maatstawwe geïdentifiseer om lae O_2 -behandelingste vergelyk, ongeag of statiese of dinamiese O_2 -stelpunte gebruik word - naamlik kumulatiewe O_2 en ure bo 0.7 kPa O_2 .



Hierdie maatstawwe het 'n beduidende deel van die variasie in vrugkwaliteit verduidelik en het met elke agtereenvolgende evaluasie, na opberging, 'n sterker voorspellingskrag getoon.

Die **gevolgtrekking van die studie** is dat die kumulatiewe O_2 wat ervaar word tydens opberging en die beperking daarvan van groter belang is as die DBA metodiek, en dat in die geval van langtermyn appel opberging, in die afwesigheid van 1-MCP behandeling, presteer **DBA tipe suurstof regulasie beter as statiese BA.**



2025 MARK VOORUITSIGTE

Elke jaar het sy uitdagings en onsekerhede, maar naas Covid is 2025 seker die mees onvoorspelbare periode waarin ons ons bevind. Die groot gebeure in die wêreldpolitiek en ekonomie, sowel verskeie konflikte wat heers, gaan deurspoel na die vars produkte handel op verskeie maniere wat alles nog nie alles aan ons bekend is nie, dus, onseker tye!

Dutoit se direkte blootstelling agv handelstariewe vir uitvoere na VSA, vanaf SA, is gelukkig weglaatbaar klein. Die groot vraag is hoe dit die dinamika in die res van die wêreldmarkte gaan raak met handelsoorloë en heffings wat links en regs ingestel word. Produk wat bv. weens handelstariewe nie meer ekonomies volhoubaar na VSA uitgevoer word nie, moet nou in ander markte verkoop word, wat bv oorvoorsiening in die markte kan beteken en prysstrukture negatief beïnvloed en pryse laat daal.

Verder gaan dit handel en verskeppingsroetes beïnvloed wat verskeppingsopsies uit SA minder kan maak en kostes kan opstoot. Natuurlik is daar in onstabiele tye ook geleenthede, ons moet dit net nie mis nie! Die kersies en nektariens en pruime is afgehandel. Die mark en kwaliteit was goed maar die ligter oes met laer volume het 'n gat gelos wat ons nie kon opmaak nie.

Die markvooruitsigte vir Appels en Pere kan ons as stabiel of "normaal" beskryf. Ons het die 2024 oes mooi opgeruim in Januarie / Februarie en 2025 het goed afgeskop met groot fokus op veral Indië, Bangladesj en Afrika om goeie volume te verkoop met die aanloop na Ramadan. Vanaf April skuif die fokus na die VK, Europa en die Verre Ooste met Afrika wat deurlopend voorsien word. Die volgende 4 maande gaan in hierdie markte deurslaggewend wees. Taiwan is steeds toe vir Appel uitvoere vanaf Suid Afrika, wat baie jammer is, maar aan die positiewe kant is Thailand 'n nuwe mark wat vir ons oopgemaak het. Ons eerste appels het reeds daar arriveer en is goed ontvang, nou moet ons reg posisioneer vir die toekoms.

Afrika bly vir ons 'n groot maar komplekse mark. Daar is baie risiko's maar ons bestuur dit ferm en gebruik die geleenthede. In SA is ons goed geplaas met groot fokus op die kleinhandel waar veral Woolworths, Shoprite Checkers en Pick n Pay 'n groot rol speel. Ons is baie opgewonde oor die Dutoit logo wat op 'n reeks appel-, peer- en uieverpakking binne Checkers aangebring word. Die Dutoit logo is reeds sigbaar op Pick n Pay se rakke. Ons posisioneer ook om ons Spar besigheid uit te brei.

Ons produk is mooi skoon en word oor die algemeen goed by ons kliënte ontvang. Ons moet nou die regte waarde daarvoor kry.

Die markte soek Dutoit produkte, maar die uitdaging is om die vrugte op die regte tyd in die regte mark te kry. Ons skeduleer elke week ons pak-beplanning vir die volgende 3 weke. Dit geskied tussen 7 pakhuse (Dutoit Vrugte / Novo in Paarl / Ooskaap).

Tot September pak ons +/- 12 skofte per dag tussen al die pakhuse, daarna plat dit af na 8 skofte per dag tot Desember. Die een voordeel van 'n ligter maar SKOON oes is dat ons 'n bietjie ruimte het om meer te fokus wat en wanneer die mark die produk soek vs. deurlopend op 100% kapasiteit pak net om volume te hanteer. Dit is ons groot uitdaging en geleentheid: Hoe gaan ons met minder produk meer uit mark verdien?

Uitvoer logistiek bly baie kompleks en is 'n groot uitdaging maar ten minste het werksaamhede in die hawens stabiliseer en moet nou verbeter. Tesame met ons weeklikse pakbeplanning moet ons elke week 'n 6-weke verskeppingsplan opstel om spasie op regte bote, na voorkeur markte te kry. Kaapstad hawe se toerusting is besig opgradeer te word en ook meer kapasiteit te skep, so ons beweeg darem in regte rigting. Ons doel vir 2025 was om verskepingstariewe laer te kry. Ons vorder hiermee, maar die "handelsoorlog" kan ons planne en strategie deurmekaar krap. Kom ons hou duim vas!

Ons het die nuwe Dutoit kartonne begin pak en aan die mark bekend gestel. Die opwinding en geleentheid om meer waarde te ontsluit, is groot.

Ons is in proses om ons bemarkingspan uit te brei met twee aanstellings en 'n internskap in Ceres en een aanstelling by Dutoit Services in Johannesburg. Ons is opgewonde oor die kapasiteit wat geskep word met die doel om verder waarde uit produk en mark te ontsluit.

Ten spyte van al die uitdagings en onsekerhede, is ons as bemarkingspan opgewonde en positief oor die geleenthede en vooruitsigte vir die seisoen. Met ligter oes in die industrie is daar verseker prysinflasie en ons het dit nodig!

Bemarking

A FRESH LOOK FOR A FRESH *future*

Our brand evolution goes beyond a refreshed logo—it extends to the products we bring to the market. We're excited to introduce our **revamped packaging range**, designed for efficiency, product segmentation, & consistency—**ensuring quality** from farm to shelf.

Our new range of packaging includes:



EXCLUSIVE

Unmatched quality, **vibrant appeal**.
Hand-selected produce with **exceptional**
colour, uniformity, and premium taste.



CLASSIC

Commitment to **industry standards**.
Reliable, high-quality produce that reflects
our legacy of **trust and sustainability**.



SELECT

Supporting diversity with **subtle elegance**.
A versatile range that embraces variety while
upholding **Dutoit's signature quality**.

*This transformation reflects our dedication to
excellence, making it easier than ever for customers
to experience the very best of what we grow.*

OUR LOGO DEVELOPMENT

At Dutoit, our journey is rooted in purpose: “Cultivating wellness, one harvest at a time.”

This isn't just a tagline—it's a guiding philosophy that influences everything we do, from the way we grow and nurture our produce to how we support our people, communities, and the environment. As we look toward the future, we're proud to unveil a refreshed brand identity that reflects our commitment to sustainability, innovation, and excellence - ensuring lasting value for our people, communities, and the environment.

Dutoit's refreshed identity reflects our brand evolution, embodying the values that drive us forward. Deep blue represents trust, professionalism, and a strong foundation, while energetic green symbolises our commitment to sustainability and long-term growth. Every harvest is a new opportunity—a chance to refine, improve, and grow. Here's to the future—one harvest at a time.



Media Release



KISSABEL® APPLES: SOUTH AFRICAN TRIALS SHOW PROMISING RESULTS AHEAD OF 2026 LAUNCH

Striking red-fleshed apple variety continues to gain momentum in the Southern Hemisphere.

Cape Town, 23 April 2025 – Following its success in Europe and North America, the colourful Kissabel® apple range is making steady progress in the Southern Hemisphere, with South Africa showing particularly promising results ahead of a planned commercial launch in 2026.

At Dutoit, one of South Africa's most established fruit producers, the journey with Kissabel® began in 2023, when the first semi-commercial orchards were planted with a focus on red-skinned, red-fleshed varieties. This year marked Dutoit's inaugural harvest, and the results exceeded expectations. The apples developed a vibrant red hue, especially in warmer growing regions. As they matured, their texture evolved dramatically—unlocking a unique flavour that sets Kissabel apart.

"This first harvest has been met with great enthusiasm by our marketing team and local retailers alike," says Willie Kotze, Technical Manager at Dutoit. "We're especially excited to introduce Kissabel® apples to select local media, influencers, and retail partners in May, giving them the opportunity to experience the visual appeal and unique taste of this exceptional variety."

Kissabel® apples—developed through natural breeding as part of the global IFORED programme—feature flesh that ranges in colour from delicate pink to intense red. With no genetic modification involved, their vibrant interiors and standout taste are the result of years of careful crossbreeding and selection.

While South Africa is still in the testing phase, the global programme is gaining traction in other key Southern Hemisphere regions. Australia leads the charge, with Montague Farms beginning commercial harvesting and rolling out brand-building activities including influencer campaigns and TV appearances. Argentina and Chile are also in early production stages, with a focus on understanding which varieties perform best in their unique climates.

South Africa's role is vital to the programme's long-term success. "The internal colour we're seeing is excellent, and we're optimistic about what's to come," says Kotze. As Dutoit continues testing and refining the varieties, the company is laying the groundwork for a strong commercial debut.

With growing interest in premium, innovative fruit in the South African market—and consumers increasingly drawn to products with visual impact and health appeal—Kissabel is well-positioned to make a splash when it becomes available to the public.





Exciting News!

Dutoit has teamed up with **Tangible**, a non-profit organisation, to produce a one of a kind educational game that introduces the youth of South Africa to **coding**, digital technology and the importance of fruit and **sustainability**.




Celebrating Women in Tech Day

Girls School Tournament

On 8 April, a pre-selected group of girl pupils from various schools battled it out in a fun, fierce, and unforgettable online gaming showdown! Who rose to the challenge, collected all the gems - and claimed the crown as the Dutoit Juicy Gems Girls School WINNER?

follow us





PREPARING FOR THE FUTURE

Why this matters? Agriculture is evolving, and manual processes are becoming less efficient. To remain competitive, Dutoit Agri is preparing to adopt automation, AI-driven insights, and improved digital systems. These advancements will help us streamline operations, reduce errors, and make faster, data-driven decisions.

What is changing?

1. From Paper to Digital - We aim to replace manual workflows with automation, reducing human error and improving efficiency.
2. From Isolated Systems to Connected Platforms - Microsoft Business Central, SharePoint, and Power BI will eventually integrate, creating a more connected workplace.
3. From Guesswork to Data-Driven Decisions - Real-time dashboards and predictive analytics will replace static reports, allowing for better decision-making.
4. From Reactive to Proactive Operations - Automated workflows will improve financial management, logistics, and approvals, ensuring fewer delays and greater efficiency.

Key Digital Transformation Projects

- Microsoft Business Central & OCR
 - a. Future AI-powered invoice processing will eliminate manual data entry and speed up financial operations.
 - b. Planned implementation within 12-18 months.
- SharePoint vs. File Servers
 - a. A cloud-based document management system will replace traditional file servers, allowing for better access, security, and workflow automation.
- Business Intelligence (BI) & AI
 - a. Power BI has already started providing real-time insights, replacing outdated Excel and QlikView models, improving forecasting and decision-making.

Why This Matters for You

1. Business Central will reduce paperwork and streamline financial processes.
2. SharePoint will modernize document management and approvals.
3. BI & AI will provide real-time insights and improve decision-making.

Q&A: Digital Transformation & AI at Dutoit Agri

1. Will AI replace employees?

No. AI will be a tool to assist employees, not replace them. It will help remove repetitive tasks so that employees can focus on higher-value work.

2. How will automation improve daily work?

- Future AI-powered OCR will automate invoice processing.
- AI-driven insights will support market trend analysis for better decision-making.
- AI will help optimize logistics and distribution to reduce waste and delays.

3. How will AI change packhouse operations?

Over time, AI-powered sorting and quality control will improve efficiency and reduce waste.

4. How will AI support exports?

AI tools will assist in tracking produce quality, automating compliance paperwork, and identifying the best global markets.

5. What security measures are in place to protect company data?

Dutoit Agri follows strict data security policies to ensure AI tools comply with privacy regulations and confidentiality standards.

6. Will employees receive training on these new technologies?

Yes. Training will be provided on request to ensure employees understand and can effectively use new AI-driven tools, automation workflows, and digital platforms.

These changes will be introduced over the coming months and years as we embark on our digital transformation journey. If you have questions we'll reach out to IT and they will gladly come and spend time with you.



Dutoit Vervoer

21 JAAR OUD!

Dutoit Vervoer is vanjaar 21 jaar oud! In 2004 is daar besluit om die Landgoedere se vragmotors te sentraliseer en te vestig op PA Hamlet. Dutoit Vervoer word gestig met Conrad du Toit aan die stuur van sake.

Die groot vragmotors van Kromfontein, Lindeshof, Tandfontein, Sneeuwkop, Paardekloof, Vastrap en Nooitgedagt word geskuif na Dutoit Vervoer en van die drywers word saam verplaas en verkry behuising in PA Hamlet. Die vloot het toe bestaan uit 9 vragmotors met sleepwaens en het hoofsaaklik die Landgoedere se inset benodighede en produkte vervoer.

In 2006 het daar 'n geleentheid gekom om Simba se aartappels uit die Wes-Kaap na hulle fabriek in Parow te vervoer. Dutoit Vervoer het toe 4 Vragmotors met Tipwaens aangekoop en in Januarie 2007 het die kontrak begin.

Dutoit Vervoer het stelselmatig sy Tipwa vloot vergroot na 7 Tipwaens om vir Simba te diens.

Vanaf 1 Januarie 2007 tot 31 Maart 2025 het hierdie Tippers 18 267 vragte aartappels uit hoofsaaklik Ceres en die Sandveld aangery, dit is 502 342 ton waarmee 14 352 628 pakkies chips gemaak is.

In 2023 het Dutoit Vervoer se vloot bestaan uit 13 Vragmotors met verskeidenheid, platbakke, koelkaste, tippers, walking floor, tautliner en passasierswaens. Dieter von Mansberg sluit in laat 2023 as Skeduleerder aan om kapasiteit te skep sodat ons die vloot kan uitbrei en om planne te maak om die vloot te vernuwe.



Dutoit Vervoer beplan om met hierdie vloot ongeveer 1 250 000 km jaarliks te ry.



Met die verkryging van die Novo Pakhuis in 2024 in die Paarl het Dutoit Vervoer in Januarie 2025 2 x 2de handse vragmotors verkry met 2 x Tautliners om ons produkte tussen Ceres en Paarl te vervoer.

Die koste van nuwe vragmotors raak baie hoog en met innoverende denke en baie somme is daar toe in 2024 besluit om ons in te rig om die langpad aan te pak. Daar word Vragmotors en Tautliners aangekoop om langafstand van Ceres na die Noorde van Suid-Afrika te ry. Ons vervoer ons eie produkte vanaf Ceres na Johannesburg en bring dan weer allerlei ander vragte terug na die Kaap.

Daardie vragmotors word weer geskuif as hulle na ongeveer 2 jaar (400 000 km) gery het na ons lokale vloot en vernuwe daardie vloot en koop die nuwe vragmotors weer vir die langpad aan. In Januarie 2025 het ons ontvangs geneem van ons eerste 2 x Mercedes Benz ACTROSS 2652 vragmotors en 2 x Interlink Tautliners.

Die huidige vloot bestaan uit 17 Vragmotors en 26 verskeidenheid van waens onder leiding van Conrad du Toit, Dieter von Mansberg en Tenielle Burger. Dutoit Vervoer het reeds sedert 2004, 21 600 000 km afgelê en dit is gelykstaande aan 539 keer reg om die aarde.

Novo Fruit Packing

BEKENDSTELLING

Novo Fruit Packers ('Novo') het in die laat 1990's ontstaan as 'n spesialisverpakker van Appels, Pere en Steenvrugte. Novo is in April 2009 deur 'n vernietigende brand in puin gelê. Tydens herbouing is daar strategies besluit dat Novo homself grotendeels gaan toespits op die verpak van Kernvrugte, en is die verpakking van Steenvrugte stelselmatig uitfasseer.

Die "nuwe" Novo is heropen in Junie 2010 en ontwerp om rondom 120 000 kratte (+- 34 000 palette) appels en pere per seisoen te hanteer. Novo het onder meer toegang tot 23 Beheerde Atmosfeer kamers wat hom in staat stel om sy seisoen te strek tot buite die tradisionele RA verpakingsperiode.

Sedert 2010 het Novo addisionele diensvlakke uitgebrei na verkoeling en hantering van 3de party, elders verpakte palette, en is tans 'n versamelingsdepot vir prominente Steenvrug- en Druive uitvoerders, en hanteer hy +- 30 000 van hierdie 3de party palette per jaar. Novo het 'n ervare werksmag (23 uit die 33 maandeliksbesoldigde personeel is al langer as 15 jaar in diens van Novo).

In piektyd is daar rondom 260 personeel werksaam by Novo, wat hulle toespits op die sorgvuldige hantering, sortering, verpakking en verkoeling van verskeie kliënte se appels, pere en ander kommoditeite. Novo het 'n 8-baan voorsorteer-aanleg met 42 kanale, sowel as 'n 6-baan konvensionele verpakingsaanleg met 36 pakstasies. Novo het ook 2 000 palletverkoelings-houspasies, sowel as 560 snelverkoelingsspasies, waarvan 240 spasies vir koue 'steri' ingerig is.

Novo is einde 2024 aangekoop deur Dutoit, en sien uit daarna om addisionele waarde toe te voeg tot die groep. Die bestuursspan word as volg opgemaak:

DANIE NEL: Bestuurder (Koelkamers en Logistiek)
MARISA JOUBERT: Bestuurder (Gehalteversekering)
NICO BRITZ: Bestuurder (Onderhoud en Dienste)
PAUL SMIT: Bestuurder (Produksie)
SHAFIEKAH ABRAHAMS: Personeelbeampte
WILLEM JOUBERT: Algemene Bestuurder



Dutoit

AANSTELLINGS



**LUFEFE
POKWANA**

Oos-Kaap: Produksie-Assistant



**ANDRE
DE KOCK**

*Novo: Pre-sorting Line
Manager*



**DINA
GOLIAT**

Tandfontein: Lone Klerk



**NICO VAN
DER WESTHUIZEN**

*Bevorder tot Landgoedbestuurder
op Sneeuwkop*



**EMILE
MARAIS**

*Bevorder tot Hoof van
Vrugte Bemaking*



**DAWIE
DU TOIT**

Innovation Hub: Horticulturist

Dutoit


AFTREDE

Gustav Bohlman het op 01/12/2013 begin as Verpakkingsbestuurder by Dutoit Vrugte. Hy het die leisels geneem van die nagskof in pakhuis 4.

In 2016 is hy bevorder tot Pakmateriaalbestuurder. Hy het sy taak met rustigheid, geduld en akkuraatheid aangepak. Hy het vertroue gewen deur altyd 'n oop deur te hê en werklik belang te stel in hulle werk sowel as persoonlike behoeftes. Kollegas beskryf hom as iemand met 'n uitstekende sin vir humor, altyd reg vir 'n grappie.

In sy vrye tyd sal jy vir Gustav langs die rolbalbaan kry of by een van sy kleinkinders se geleentheid. Hy is 'n regte familie-man.

Gustav help tans uit as bestuurder van die Flow wrap-afdeling. Hy is op kontrakbasis by ons tot einde September.



**GUSTAV
BOHLMAN**

*Dutoit Vrugte:
Verpakkingsbestuurder*

Huldeblyk

FREDDIE EKSTEEN

Die volgende huldeblyk is geskryf met bydraes van verskeie persone wat vir Freddie baie goed geken het. Freddie het begin werk by Dutoit op 1 Januarie 1986. Sy totale aantal voltooide diensjare was 39. Op 1 Junie 2001 word hy oorgeplaas vanaf Paardekloof na Sneeuwkop as Produksiebestuurder. Hy was vir 24 jaar op Sneeuwkop gewees waar hy ook later Landgoedbestuurder geraak het.

Sneeuwkop was Freddie se eie plaas en niemand kon net hier kom se of maak soos jy wil nie. Freddie het die volle verantwoordelikheid van die landgoed geneem. Hy het Sneeuwkop van voor tot agter geken.

Sy voetspore is by Sneeuwkop ingemessel en sy presiese hand kan jy oral sien. Jy kon nie iemand kry wat meer lojaal en passievol oor sy werk was as Freddie Eksteen nie. Hy was 'n perfeksionis en alles moes 100% wees en op die letter van die woord uitgevoer word. Hy het gehou daarvan dat goed op skrif gestel word en was krities oor die bewoording daarvan, nodeloos om te se hy was die regte persoon om 'n notule te proeflees.

Een van Freddie se vele sterk punte was goeie rekordhouding en jy kon net in die kantoor instap en iets vra en Freddie het na die kas of laai gestap en die dokument uitgehaal – partykeer meer as 30 jaar oud.

Freddie het vir die span in die kantoor geleer dat data, lone en inligting altyd korrek moet wees en dat inligting altyd 2 na 3 keer gekontroleer moet word en selfs al het hulle na die beste van hulle vermoë gekontroleer, kon hy altyd nog erens ietsie kry wat nie 100% was nie.

Hy was 'n harde werker en menige aande het sy kantoor lig tot laat gebrand in die kantoor, waar hy besig was met die admin waarvoor hy nie bedags tyd gekry het nie.

Die Sneeuwkop span dui ook aan dat hulle talle komiese oomblikke gehad het. Ons Bets skryf: "Ons moes een middag 'n geelslang vang en verwyder uit een van die kantore. Ek het maar 'n taamlike afstand gehou, terwyl hy alleen al die meubels moes wegskuif om uiteindelik die slag te vang en weer in die berg te gaan vrylaat." Freddie se liefde vir die natuur en plante was aansteeklik. Soggens as Sneeuwkop sy mooiste oggende opgelewer het, met blou-blou lug en die mooi berge, sou hy die een wees wat 'n opmerking daarvoor maak.

Dit het almal rondom hom daaraan herinner om die mooi raak te sien in die natuur. Hy het gereeld in die veld en berg gaan stap.



Arno Marais skryf die volgende gedeelte:

"Freddie het geweet waarvan hy praat, het altyd baie fyn waarnemings gemaak en dit baie goed aangeteken. Ek het baie tegniese vrae vir hom gevra, en dan het hy geduldig vir my in fyn besonderhede verduidelik en gesê wat sy ervaring oor baie jare was. Hy het terug gegaan op sy notas en dan altyd terug gebel om te bevestig of om nog iets met my te deel. Freddie was ook die man wat omgesien het na ons groente prestasie-vergoeding tydens oestyd. Frikkie het hom daarmee gehelp, maar Freddie was die man wat elke uitset uit sy kop geken het, en moenie dink jy gaan met hom in 'n argument betrokke raak daaroor nie, jy gaan verseker tweede kom. In Freddie het ek nie net 'n vriend en kollega gehad nie, maar ook 'n mentor wat groente-produksie betref."

Foksterierier honde was sy gunsteling en hy het hulle met 'n ysterhand groot gemaak en hulle het op vele opdragte van hom selfs om 'n 'draai' te loop reageer.

Hy was kompetend in als wat hy doen of dit nou Produksies (T/ha) was of 'n veerpyltjie spel, hy het dit gedoen om te wen. Net so ernstig soos hy by die werk was, was hy 'n plaatjie na-ure en vele van ons het onder sy poets bakkerij deur geloop. Hy was mal oor vuur maak en om dan te braai of potjiekos te maak. Sy twee meisiekinders was sy alles, baie streng met hulle gewees, veral as daar oor "boyfriends" gepraat word, maar met so veel trots en opgewondenheid oor hulle ook gepraat. Sy plek is leeg, maar sy legende sal nog vir jare voortleef op Sneeuwkop.

Dankie Freddie vir jou onbaatsugtige diens oor baie jare.

Jacques Matthee

Menslike Hulpbronne

Gesondheidswerkers **OOS-KAAP** **GESONDHEIDSWERKER** **VAN DIE MAAND**

Die Gesondheidswerkers het uitgestaan op verskeie gebiede, waar hulle hul vaardighede toegepas het in die uitvoering van hul take. Hulle het met geesdrif en toewyding, asook deeglike beplanning uitgestaan in hulle onderskeie Afdelings.

Desember: Gedurende Desember was daar nie 'n wenner aangewys nie, aangesien dit grotendeels vakansie was.



JANUARIE



Shantelle Mathews
Misgund Pakstoor



FEBRUARIE



Jennine Stone
Meulrivier



MAART



Pricilda Syrsaar
Milau Boerdery

MAANDELIKSE OPLEIDING IN DIE OOS-KAAP

Die Gesondheidswerkers het maandelikse opleidingssessies wat aangebied word deur Sr Melanie Oberholster en Jolene Theron. Die sessies is baie leersaam.

Die tema van Februarie se opleiding was Servikale kanker, HPV virus en Hipertensie. Indiensopleiding is ook gedoen vir die korrekte gebruik van toerusting, soos die bloeddruk apparaat, pols-oksimeter, termometer en die korrekte gebruik van skale. Daar is ook opleiding gedoen in metings van die middel-bo-arm omtrek (MAUC), lengte en die korrekte voltooiing van verslae.



NUWE REKENAARS IN DIE WES-KAAP


Vir ons gesondheidswerkers is die rekenaars wat hulle nou ontvang het, 'n groot ding en hoewel dit nie hulle gemeenskapsprojekte is nie, gaan ons tyd en moeite spandeer om hulle rekenaarvaardig te maak.

Die hele doel is sodat die susters meer tyd vir hulle pasiënte het – die staat se MOU verg nogal baie administrasie. Op 4 April is hulle in die staat se stelsels opgelei op Nooitgedacht. Die volgende is verpligte lugversorgers om die medikasies koel te hou.

Verder het ons hulle uitgedaag om elkeen twee projekte te doen wat bewusmaking is ten opsigte van gesondheid. 'n Hele paar het die kinderbeskermingsweek gekies, asook HIV. Ons sal weer in 'n later uitgawe terugvoering gee hieroor.

Mariette Le Roux

HR Administrator



Sport

PINK LADIES

In Februarie het die jaarlikse 10's toernooi in Kaapstad plaasgevind. Die Pink Ladies wat 'n sterk verteenwoordiging het van ons Oos-Kaap personeel en eggenote het hierdie jaar een stap verder gegaan as verlede jaar. Hulle het die finaal bereik, baie geluk!



Baie geluk!

EDEN ATLETIEK SPAN

Marnelle Oberholster, dogter van Sr Melanie Oberholster in die Oos-Kaap, is deel van die Eden atletiekspan wat aan die Wes-Kaap Hoërskole atletiek in Groenpunt deelgeneem het op 14 - 15 Maart.



Bewaarskole

VALENTYNS VIERINGE

Op 14 Februarie 2025 het Goedgekind Bewaarskool & Nasorg se Personeel 'n heerlike soet bederfie en ete vir die kinders gegee.

Daar was waatlemoen gesny in hartvormpies om die kinders se daggie te vervolmaak. Dit was 'n dag vol pret met musiek, dans en baie liefde. Goedgekind Bewaarskool & Nasorg het vir Bambino Speelskool ondersteun deur aan 85 kinders lekkergoedpakkies uit te deel met behulp van 'n fondsinsameling. Die kinders het die dag so geniet en baljaar.



DONASIE: COLGATE TANDEBORSEL

Ons het met 'n internasionale maatskappy kontak gemaak vir 'n borg om ons kinders meer bloot te stel aan mondhigiëne.

Na drie Maande het Colgate vir Goedgekind Bewaarskool & Nasorg 'n pakkie gestuur deur Ceres se Tandarts.

Elke kind saam met Tandfontein Primêr het 'n Tandeborsel met Tandepaste gekry. Binne die pakkie van Colgate was daar seep asook plakkate om ons kinders op 'n daaglikse wyse te leer van higiëne. Baie dankie Colgate!



A hand holding a smartphone with a green screen. The screen displays the WhatsApp logo, the website www.dutoit.com, and icons for Facebook, Instagram, and YouTube. At the bottom of the screen, it says 'from Meta'. The background is a blue pattern with geometric shapes and the numbers 18 and 93.

Dutoit Communication

WHATSAPP & SMS

If you do not receive any WhatAspp or SMS communication from Dutoit, please follow these steps:

- 1. Confirm that your department manager supplied your correct number to Dutoit HR (Magda Steyn).*
- 2. Save the Dutoit number on your contact list: +27 23 007 5804.*
- 3. Contact Runei Kotze (074 9685 168) if all the above has been done and you still did not receive communication.*
- 4. We ask that all the department heads motivate their staff to supply their correct numbers.*



Korrespondente:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras | Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk | Dutoit Groente: Florina Ismael | Dutoit Hout: Lucille Jacobs | Kromfontein: Chrisna du Toit | Lindeshof: Carlien Rossouw | Nooitgedacht: Lenchen Visser | Paardekloof: Nicola Dark | Vastrap: Matilda de Villiers | Sneeuwkop: Bets Mostert | Tandfontein: Saretta de Waal | Skaapkraal: An-Joh du Toit | Excelsior: Raeesa Hoosen | Oos-Kaap: Jolene Theron | Crispy Farming: Jacques Visser | Dutoit Services: Surina Swanepoel | Bokkenfontein: Willem Reynolds | NOVO: Willem Joubert.

Redaksie:

Runei Kotze, Jacques Matthee, Mariette Le Roux & Lenchen Visser
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

Redaksionele Beleid:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.